

BOEKBESPREKING

J. C. Hoekendijk, **De Kerk binneste Buiten**, Amsterdam 1964, 206 blz Carillon-Reeks, Spec. nummer S 11. Prys ongeveer R1-50.

Hierdie slapband-uitgawe van die Uitgewery W. ten Have te Amsterdam (Nederland) is 'n keuse deur L. A. Hoedemaker en P. Tijmes uit die geskifte en lesings van die vroeëre Utrechtse professor J. C. Hoekendijk en verteenwoordig werk uit die jare 1948 tot 1963. Die skrywer Hoekendijk het 'n merkwaardige lewensloop agter die rug in dié sin dat hoewel hy eers kerklike hoogleraar en later gewone hoogleraar aan die Utrechtse Universiteit was, hy nooit 'n gewone predikant in 'n gewone gemeente van die Nederlandse Hervormde Kerk was nie. Slegs gedurende die oorlogjare, 1941 tot 1944 was hy studentepredikant in algemene diens. Daarna was hy hoofsaaklik 'n amp-tenaar-predikant in diens van verskillende sendings- en ekumeniese liggame totdat hy in 1952 hoogleraar geword het. Veral op die vakgebied van die sendingwetenskap het Hoekendijk 'n sekere bekendheid — in sommige kringe word hy selfs as gesaghebbend aanvaar. Gedurende 1965 het Hoekendijk die teologiese fakulteit van Utrecht egter verlaat om 'n professoraat te aanvaar by Union Theological Seminary in New York, V.S.A. Hierdie teologiese opleidingssentrum is met 'n geleentheid deur 'n offisiële rapport van die „Joint Legislative Committee to Investigate Seditious Activities in the State of New York” beskrywe as: „a dangerous centre of revolutionary socialist teaching of a university type in ecclesiastical institutions.” Die feit dat Hoekendijk 'n professoraat aangebied is deur 'n inrigting waarvan prof. Harry F. Ward, 'n oortuigde lid van die Kommunistiese Party van die V.S.A., in die vyftigerjare die hoof was, laat mens vermoed dat Hoekendijk wel nie 'n behoudende of konserwatiewe teoloog is nie. Hierdie vermoede word ook versterk deur die lees van hierdie bundel geskriffies.

Vanuit sy agtergrond as teoloog wat veral in die sending en apostolaat van die Kerk geïnteresseerd is en ook daaraan die meeste van sy aandag gewy het, kom Hoekendijk se ongeduld met die Kerk in sy huidige vorm tevoorskyn. Die ekklesiologie van die reformatore is vir hom onbruikbaar (blz. 17) en daar moet na nuwe weë gesoek word om die Evangelie uit te dra in die moderne wêreld. Dié Evangelieverkondiging, die nuwe apostolaat, is dat die bestaande Westerse Kerke as min of meer waardeloos afgeskryf moet word omdat dit „gesloten kerken” geword het, „klasse-kerken . . . omdat zij zich te onkritisch vereenzelvigden met een bepaalde maatschappelijke groep” (blz. 29). Omdat die Kerk slegs 'n funksie van die apostolaat is (blz. 51), moet die Kerk allereers ingerig word na die eis van die apostolaat en dit beteken vir Hoekendijk, so wil dit voorkom, die vol-

Nou word, so wil dit tog voorkom, getrag om met 'n voortgaande verminking van die sentrale momente van die Bybels-reformatoriese teologie, te red wat daar nog te redde is. Dit word wel problematies of die Kerk, as hy eers homself opgehef het, dán werklik die apostolêre geeskrag sal vind om die heidendom van Europa wêér en so terug te bring in die Kerk, die tuiste van die geroepe heiliges wat hulle enige troos in lewe en sterwe vind in die Evangelie van die Gekruisigde en Opgestane Jesus Christus.

Hierdie opstelle is miskien simptoem van die rekening van die voorafgaande tyd van verwildering, slapheid in die handhawing van die leer van Kerk en geeslose moralisme wat die Kerk maar in sy midde toegelaat (soms selfs verwelkom) het en wat nou aan die Kerk aangebied word. Verdere toegewings aan die gees van die eeu sal sekerlik nié die nederlandse Kerk uit sy huidige impasse help nie.

Hoe onverantwoordelik sommige van Hoekendijk se stellings is en hoe swak sy waarnemingsvermoë van die situasie waarin hy hom bevind is, word veral duidelik in sy opstel: **Kerk en ras, toegespitst op Zuid-Afrika**. Hier kry ons andermaal die voorbeeld van iemand wat 'n vlugtige besoek aan ons land gebring het en dan met groot gemak 'n artikel of boek oor Suid-Afrika skrywe. Met 'n sekere gelatenheid moet mens dit miskien maar verduur want soos hy self erken: „Het is maar een koud kunstje om vanuit de verte een oordeel uit te spreken en een ‚oplossing‘ te geven”. Maar dit wil tog voorkom dat 'n afwysing van die saamlewingspatroon van Suid-Afrika deesdae 'n *sine qua non* is as mens in die wêreld buite Suid-Afrika opgang as „teoloog” wil maak!

Die gebruikelike dinge word oor Suid-Afrika gesê, en mens wonder of dit nodig is om al die afgesaagde liberalistiese krete weer op te noem. Die heerskappe wat hierdie dinge so tot vervelens toe skrywe uit „diepe bewoënhed” besef normaalweg nié dat al die oplossings wat aan die hand gedoen word uiteindelik net dáárop neerkom dat van die blanke in Suid-Afrika verwag word om geestelike en reële selfmoord te pleeg, sodat die nie-blanke aan die bewind kan kom. As dit gebeur het, is dit vir die kommuniste of liberalistiese groot-finansier van die Weste die ideale geleentheid om hulle hande te lê op die goud en ander bodemrykdomme van Suid-Afrika. Dié patroon het mos duidelik geword in die Kongo waar die Belge moes padgee sodat Sweedse-Amerikaanse-Italiaanse en ander grootfinansiers nou weer 'n kans kon kry om die bodemrykdomme van die Kongo vir hulle voordeel te benut. Die voorwendsel waaronder dit alles gedoen word, is pragtig-filantropies . . . die „vryheid” van die Kongolese!! Die Kongolese volk self is na al die moord, massa-bloedvergietings, anargie, hongersnood en voortdurende epidemies die Westerse wêreld waarskynlik uitermate **dankbaar** vir alles wat hulle in die naam van medemenslikheid, vryheid, gelyk-

heid, stemreg en sosiale geregtigheid ontvang het . . . om maar te swyg van die Belge wat uit die Kongo na Suid-Afrika gevlug het.

As Suid-Afrika botweg weier om aan hierdie deursigtige spel mee te doen, dan word van alle kante, tot by die Wêreldraad van Kerke toe!, breed uitgemeet hoe **onchristelik** Suid-Afrika is. So word Suid-Afrika se beleid van eiesoortige ontwikkeling deur Hoekendijk as 'n **kaste-sisteem** gebrandmerk sonder dat hy verklaar wáárom die Wêreldraad van Kerke en die V.V.O. so warm loop oor ons beleid maar oor die euwels van die Indiese kaste-sisteem swyg soos 'n graf. Om sy privaat-teorie oor Suid-Afrika dan verder te illustreer, gee Hoekendijk 'n grafiese voorstelling van Suid-Afrikaanse toestande en stel die kultuur gebou op die christendom teenoor die barbarisme gebou op die heidenom teenoor mekaar met die S.A. Polisie as 'n soort grensbewakende mag wat die vrees van die een party en die verset van die ander party in bedwang hou. (Vgl. blz. 131). By die blanke maatskappy konstateer Hoekendijk „diep-ingevreten angst” en stel dat dit die voedingsbodem van die huidige beleid is. Sou dit dan korrek wees, na die uitleg van Hoekendijk, dat die Hollanders in die periode 1940-1945 deur „diep-ingevreten angst” besiel was toe hulle geweier het om deel te word van Hitler se Groot-Duitsland? Waarom sou Hoekendijk van die Afrikaner en die blanke in Suid-Afrika verwag wat hy self nie bereid was om in die jare 1940-1945 te doen nie en dit terwyl daar vir alle praktiese redes, behalwe miskien die taal, weinig verskil is tussen Nederland en Duitsland? Sou Hoekendijk saamstem dat die monumente in Nederland wat die optrede van die Nederlandse volk gedurende die periode 1940-1945 gedenk, monumente is ter herdenking van die „diep-ingevreten angst” waaraan die Hollanders gedurende daardie tyd gely het? Dan, watter werklike Bybelse motiewe voer Hoekendijk aan — wat óók vir Nederland en Europa geld — om te bewys dat dit verkeerd en onchristelik is om die eie besit te handhaaf tot voordeel van ander? Of is Hoekendijk ook één van die „rather red than dead”-garde van teoloë in Nederland en elders. Dit bly uiters moeilik om vas te stel presies hoe algemeen Hoekendijk sy stellings wil maak en watter konskwensies hy daaraan vasknoop want die betrokke artikel onder bespreking is vol onnoukeurighede en simptome van verwarde denke. Daarom moet byvoorbeeld gestel word dat mens nie meer kan doen as om vraagtekens te stel, sonder om veel verder te kom nie.

Interessant is Hoekendijk se visie van die sg. selfstandige Bantoe-kerke, die 1,400 Bantoesektes in ons land. Hulle bestaan beskou hy as belangrik want hy stel dat hulle verset „zet daar in, waar de meest verwondbare plek in het hele systeem te vinden is : in de kerk” (blz. 132). Dit is juis so interessant omdat daar deesdae, volgens persberigte,

'n poging aangewend word om hierdie sektariese groepe te organiseer met die doel om apartheid aan te val op „de meest verwondbare plek“? of gebeur hiér, waarteen Hoekendijk in 'n helder oomblik waarsku, dat as die Kerk meer doen as om in hierdie situasie „het glas koud water“ aan te bied (blz. 139), dat hy dan homself tot **politieke party** maak?

Afgesien daarvan dat die Kerk nié die „meest verwondbare plek“ van die apartheidsbeleid is nie, is dit seker ook nie die taak van die Kerk om in enige situasie glase met koue water rond te dra nie maar om **altyd** die Evangelie van die Opgestane Heer te verkondig! Maar dit is miskien tóg waar dat sommige instansies in Suid-Afrika soos die Anglikaanse Kerk en die Christian Council of South Africa toegelaat het dat hulle hunkering na die politieke arena hulle opdrag om die Evangelie **reg** te verkondig oorwoeker het en dat hulle eintlike verkapte politieke partye geword het.

In ieder geval, in die jaar 1966, byna 10 jaar nadat Hoekendijk se onderhawige artikel die eerste maal verskyn het, is dit wel duidelik dat Hoekendijk se waarneming van die situasie in Suid-Afrika, sy konklusies en voorspellings verkeerd was en is. Die opname van hierdie artikel in hierdie bundel, 'n artikel wat die tekortkomings van die skrywer so tentoonstel, toon ook wel hoe min die buiteland **werklik** in Suid-Afrika geïnteresseerd is, ander sou die versamelaars nie geoordeel het dat hierdie artikel nog aktualiteit besit nie!

Samevattend gestel: hierdie werkie kan miskien vir Nederland van betekenis wees waar die defensiewe posisie van die christendom skynbaar allerlei merkwaardige resultate het. Maar in Suid-Afrika waar die Kerk, in sy Bybels-reformatoriese gestalte, deur die suiwer verkondiging van die Evangelie sy sentrale posisie in die blanke volk behou en 'n steeds sterker-wordende posisie onder die nie-blanke inneem, kan hierdie werkie werklik nie veel bied nie. Dit is 'n moeisame arbeid om die koringkorrels in dié kafhoop te vind. Maar miskien moet die boekie tóg gelees word, nié soseer om iets hieruit te leer nie maar eerder om 'n simptoom van die Christendom in Nederland te leer ken.

A. D. PONT.